
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## RELIGIESTUDIES V1

## NOVEMBER 2024

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 12 bladsye.**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | D√ | (1) |
| | 1.1.2 | B√ | (1) |
| | 1.1.3 | C√ | (1) |
| | 1.1.4 | D√ | (1) |
| | 1.1.5 | A√ | (1) |
| | 1.1.6 | D√ | (1) |
| | 1.1.7 | B√ | (1) |
| | 1.1.8 | C√ | (1) |
| | 1.1.9 | D√ | (1) |
| | 1.1.10 | D√ | (1) |
| 1.2 | 1.2.1 | Taoisme√ | (1) |
| | 1.2.2 | Icamagu / Icamagu Instituut√ | (1) |
| | 1.2.3 | Ketter / Onortodoks√ | (1) |
| | 1.2.4 | Politeïsme√ | (1) |
| | 1.2.5 | Nie-Jode/Onbesnedenes√ | (1) |
| | 1.2.6 | Sinaï/Horeb√ | (1) |
| 1.3 | 1.3.1 | H√ | (1) |
| | 1.3.2 | A√ | (1) |
| | 1.3.3 | G√ | (1) |
| | 1.3.4 | C√ | (1) |
| | 1.3.5 | D√ | (1) |
| | 1.3.6 | F√ | (1) |
| 1.4 | 1.4.1 | Afrika Tradisionele Godsdiens √<br>Die ander drie is Midde-Oosterse godsdienste./Die ander drie is monoteïstiese godsdienste./Die ander is Abrahamitiese godsdienste./ Die ander drie het almal heilige boeke.√ | (2) |
| | 1.4.2 | Punjab √<br>Die ander drie is heilige skrifte in Hindoeïsme.√ | (2) |
| | 1.4.3 | Ilima √<br>Die ander is mense wat die leiding in verskillende rituele neem. √ | (2) |
| | 1.4.4 | Evolusie√<br>Die ander drie is Christelike konsepte. √ | (2) |
| | 1.4.5 | Ketuvim√<br>Die ander drie is sektes van Hindoeïsme.√ | (2) |

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.5 1.5.1 Onwaar√
- Ekumenisme verwys na samewerking en eenheid tussen die verskillende Christelike kerkverbande/denominasies.
- Eucharistie / Nagmaal is 'n seremonie wat op Jesus se laaste maal / ete met sy dissipels gebaseer is. /Heilige Nagmaal. /Nagmaal is ‘n ritueel in Christendom. (2)

1.5.2 Onwaar√
- Nirvana verwys na die hoogste prestasie volgens Theravada Boeddhisme.√
- Dit is 'n stand/toestand van volmaakte geluk en vrede. √
- Opstanding verwys daarna om na die lewe teruggebring te word.√ (2)

1.5.3 Onwaar√
- 'n Imam is 'n Moslem godsdienstige leier en leraar/onderwyser.√
- 'n Biskop/Profeet is die leier/geneser in die Afrika Onafhanklike Kerk. (2)

1.5.4 Onwaar √
- Kosher verwys na kos wat vir Jode toelaatbaar is.√
- Haraam verwys na iets wat onwettig/nie toelaatbaar nie is in Islam.√ (2)

1.5.5 Waar√√ (2)

1.5.6 Onwaar√
- Islamitiese heilige skrifte/tekste is in Arabies geskryf. √
- Boeddhistiese heilige skrifte/tekste is in Sanskrit geskryf.√
- Hindoe heilige skrifte/tekste is in Sanskrit geskryf. √
- Sanskrit is ‘n antieke taal in die Verre Ooste.√ (2)

1.6 1.6.1
- Dit is 'n opsomming van die oortuigings van 'n godsdiens.√
- Hierdie woord word dikwels as 'n sinoniem vir 'n persoon se godsdiens of godsdienstige geloof gebruik. √ (2)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**

1.6.2
- Dit is 'n voorwerp wat glo geluk bring of bose geeste weghou.√
- Dit is stroke papier waarop godsdienstige simbole geskryf is. √
- Hulle word deur hoogs gekwalifiseerde godsdienstige mense geskryf. √ (2)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**

1.6.3
- 'n Voorbeeld van Boeddha wat in menslike gedaante getoon word.√
- Die heilige wat Tibettaanse Boeddhisme na die Himalaja-gebergtes in Asië gebring het. √
- Hierdie term word met Boeddhisme geassosieer. √ (2)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B

## VRAAG 2

2.1 2.1.1
- Eenheid verwys na daardie faktore wat tot die deel van 'n gemeenskaplike identiteit lei.
- Dit verwys na harmonie en eensgesindheid wat tussen godsdienste bestaan.
- Dit kan ook verwys na die erkenning van gemeenskaplike grond wat daar tussen verskillende godsdienste bestaan. (4)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**

2.1.2
- Dit is daardie eienskappe wat die godsdiens anders as ander godsdienste maak.
- Dit is daardie eienskappe wat dit as 'n ander godsdiens identifiseer.
- Daar is uniekheid in oortuigings, praktyke en normatiewe tekste. (4)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**

2.1.3
- Verwys na enige wese of voorwerp wat goddelik of gelyk aan god is.
- Toestand of kwaliteit om goddelik te wees. (4)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**

2.2 2.2.1
- Boeddhiste glo in verganklikheid – niks bestaan vir ewig of uit enigiets anders nie.
- Hulle glo in onwesenlikheid – geen deel van die mens of van enigiets anders is onsterflik of ewig nie.
- Hulle glo in die onvermoë van iets om genoegsaam/bevredigend te wees – niks is stabiel of beduidend nie, maar die mens dring daarop aan om permanensie, wat hulle gelukkig sal maak, te vind.
- Nirwana is die aanvaarding van die realiteit soos dit is. (4)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**

2.2.2
- Dit is aan die eerste geslag/generasie geopenbaar.
- As mense sterf, sluit hulle by die geestelike wêreld aan.
- Dit bevorder die waardes van 'Ubuntu'.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.** (4)

2.2.3
- Daar is een almagtige god wat homself deur sy manifestasies aan mense openbaar.
- Mense het 'n rasionele siel met die unieke vermoë om God te herken.
- Alle mense is gelyk ongeag kleur, ras of geslag/gender. (4)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.2.4
- Niebestaan is die beginpunt van alles – dit is in sekere opsigte groter as bestaan/wees.
- Taoïsme moet die lewe in harmonie met Tao leef.
- Taoïsme verset nie hulle wil teen die heelal (Wu-wei) nie, maar aanvaar dit.
- Dit is die enigste godsdiens wat die vegkuns ('martial arts') (Neija) ontwikkel het. (4)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**

2.3
- Doktrine/leerstelling is 'n sinoniem vir 'n godsdienstige lering.
- Dit is aanvegbaar.
- Dogma beteken 'n beginsel, leerstelling of sisteem van oortuigings, veral soos deur 'n godsdiens se kollektiewe godsdienstige gesag neergelê.
- Hierdie oortuigings is nie oop vir bespreking nie.
- Die konsep 'dogma' verwys na die oortuigings wat van volgelinge verwag word om sonder twyfel te aanvaar. (8)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**

2.4
- Daar word geglo dat die voorvaders die familie en die gemeenskap wat nog leef, lei.
- Daar word geglo dat die voorvaders deelneem aan gebeure in die familie, soos geboortes, begrafnisse en huwelike.
- Die voorvaders beskerm die familie teen die bose en teëspoed.
- Die familielede wat nog leef, kommunikeer deur rituele met die voorvaders. (6)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**

2.5
- Hulle glo almal in lewe na die dood.
- Hulle glo in die oordeelsdag.
- Hulle glo in een God.
- Hulle beskou Abraham as hulle geestelike voorvader.
- Hulle glo in die geopenbaarde heilige geskrifte.
- Hulle glo in die bestaan van profete.
- Hulle glo in die bestaan van engele.
- Hulle glo in die bestaan van Satan.
- Hulle het in die Midde-Ooste ontstaan en reg oor die wêreld versprei.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.** (8)

**[50]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 3

3.1 3.1.1
- Dit is veroorsaak deur die skildery wat Jesus as gay uitbeeld. (2)

3.1.2
- Dit is onaanvaarbaar/verregaande/aanvallend. (2)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**

3.1.3
- Die Spaanse mense het verwag om die leringe oor die kruisiging van Jesus te hoor.
- Hulle het verwag om voorstellings te sien wat verwys na Jesus wat verraai is.
- Hulle het verwag om visuele beelde wat Jesus en die kruis uitbeeld, te sien.
- Die Spaanse Christene het bemoedigende en samesnoerende boodskappe wat hulle geloof versterk, verwag.
- Herdenk die opofferinge wat Jesus gemaak het.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.** (6)

3.1.4 **NEE**
- Die plakkaat was kontroversieel vir die Christene in Spanje.
- Die sosialemediagebruikers het memes gebruik om met die beeld te spot.
- Die plakkaat 'wou uittart en nie die missie van gelowige/getroue deelname aan Seville se Heilige Week bevorder nie' het Javier Navarro gesê.
- Christelike prokureurs het 'n petisie van stapel gestuur om die verwydering van die plakkaat te eis.
- Francesco Valez was geforseer om te bedank.
- Die tekening het nie die Christelike verwagting van die "Heilige Week" gesimboliseer nie.

**JA**
- Die omstredenheid het selfs daartoe gelei dat die ongelowiges van die Heilige Week bewus geraak het.
- Die plakkaat het vinniger op sosiale media versprei. Dit het die Paasnaweek bevorder/ondersteun.
- Die LGBTQ+(lesbies, gay, biseksueel, transgender, queer en andere wat hulleself as nie-binêr identifiseer)-gemeenskap sal aangemoedig word om die feestelikhede te ondersteun.
- Die plakkaat het meer publisiteit vir die 'Heilige Week' geskep as gewone godsdienstige plakkate.
- Dit het 'n debat uitgelok oor die verhouding tussen gays en God.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.** (8)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.1.5
- Hy is Anti-Christus of Anti-Christendom.
- Om verwarring onder Spaanse mense te saai dat Jesus nie goddelik is nie.
- Hy soek aandag van die mense van Spanje; hy soek erkenning.
- Sy bedoeling was om te beledig en verdeeldheid onder Christene te saai.
- Hulle sal dink dat Salustiano gay is of simpatiek het met gays.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.** (8)

3.1.6
- Hy het sy gevoelens oor die Heilige Week uitgedruk.
- Hy wou die uitgesluite LGBTQ+(lesbies, gay, biseksueel, transgender, queer en andere wat hulleself as nie-binêr identifiseer)-gemeenskap by die Heilige Week insluit.
- Hy wou 'n debat oor die seksualiteit van Jesus in daardie komende Heilige Week skep.
- Hy wou publisiteit en moontlik meer besigheid hê. (6)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**

3.1.7
- Die verslaggewing is regverdig omdat dit beide kante, die kunstenaar en die konserwatiewe Christene, aanbied.
- Nicole Acevedo het die storie berig soos dit gebeur het.
- Die storie is nie bevooroordeeld teenoor enige geslag of groep nie.
- Terwyl Salustiano Garcia nie sensitief vir die Christen-gemeenskap was nie, het die verslaggewer objektief gebly.
- Die verslaggewer is 'n onafhanklike joernalis in die storie. (8)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**

3.2
- Sensasionalisering – 'n storie wat sensasie en 'n reaksie sal veroorsaak.
- Mode – sekere temas en sake is in die mode. Die media sal hierdie beklemtoon ten einde mense sover te kry om koerante te koop of hulle programme te kyk.
- Verkope – die media is 'n besigheidsindustrie: die storie moet interessant en sensasioneel wees om verkope te laat toeneem.
- Inligting – om die gemeenskap oor die jongste/nuutste godsdienstige sake in te lig.
- Vooroordeel – media kan bevooroordeeld teen of vir 'n sekere standpunt wees.

In gevalle waar webwerwe, YouTube-kanale,ens,deur spesifike godsdienste bestuurword,( of besit word),sal die dekking van die godsdiens positieg wees

- Stereotipe – sommige mediahuise kan 'n sekere godsdiens op 'n negatiewe of positiewe manier aanbied om 'n sekere stereotipe te versterk. (10)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**

**[50]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 4

4.1 4.1.1
- Afrika (2)

4.1.2
- Christenskap en Islam (4)

4.1.3
- Die stryd gaan oor waardes en aansprake op skaars hulpbronne, sowel as status.
- Elke groep wil mag, waarmee hulle hul opponente kan neutraliseer of elimineer, hê.
- Die groepe ding mee om politieke en ekonomiese mag sowel as grond- en waterbronne.
- Dit is ‘n etnies-godsdienstige konflik. (6)

4.1.4 **JA**
- Daar is gewelddadige botsings tussen radikale Islam Fulani-skaapwagters en Christen-boere.
- Christendom en Islam vorm beide groepe wat om politieke en ekonomiese mag meeding, sowel as om grond- en waterbronne.
- Boko Haram / Die Fulani se teikengroep is Christen-leiers, -gemeenskappe en kerke.
- Boko Haram is gekant teen die verwestering van Nigerië en blameer die Christenskap/-dom daarvoor.
- Boko Haram streef daarna om 'n Islamitiese staat in Noord-Nigerië te vestig.

**NEE**
- Die konflik is meer polities van aard.
- Daar is wedywering vir skaars hulpbronne.
- Klimaatsverandering is ook 'n belangrike faktor omdat verwoestyning die Fulani suidwaarts dwing op soek na water en weiveld.
- Boko Haram en die Fulani val beide Moslems en Christene aan. (8)

4.1.5
- Boko Haram en die regering moet samesprekings voer om gemeenskaplike grond te vind.
- Gemeenskappe moet saamkom, hulleself organiseer en opstaan teen godsdienstige onverdraagsaamheid.
- Hulle moet alle regeringsdepartemente betrek om die kwessie van klimaatsverandering aan te spreek.
- Hulle moet daardie plante wat baie water benodig, soos gombome, verwyder.
- Daar moet besproeiingstelsels vir weivelde wees.
- Hulle moet boereorganisasies stig, wat beide die Fulani- en Christenboere insluit, om plase te bestuur.
- Godsdiens moet van ekonomie en politiek geskei word.

**Let Wel: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.** (10)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



4.2 **VOORBEELD 1: CHRISTENSKAP/-DOM**

- Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.
- Dit beteken dat ons mekaar as broers moet behandel om in vrede te kan leef.
- Geseënd is die vredemakers want hulle sal die koninkryk van God beërf.
- Dit bemoedig vredemakers in Christen-gemeenskappe.
- Doen aan ander wat jy hê hulle aan jou moet doen.
- Almal wil geregtigheid hê, so ons moenie ongeregtigheid teenoor ander mense bewys nie.

**VOORBEELD 2: AFRIKA TRADISIONELE GODSDIENS**

- Die Afrika-spreekwoord, 'Umuntu ngumuntu ngabantu', beteken dat 'n mens bestaan omdat 'n gemeenskap bestaan.
- Die gemeenskap is die belangrikste aspek van die lewe.
- Die individu kry sy/haar sinvolheid in die lewe van die gemeenskap.
- Die gemeenskap kan nie groei sonder om die individu te respekteer nie, en vice versa.
- In Afrika Tradisionele Godsdiens moet jy in vrede met elkeen leef omdat jy hom/haar môre sal nodig hê.

**Waar ‘n kandidaat slegs die relevante leringe gelys het, ken TWEE punte elk toe.**
**Indien ‘n kandidaat een of meer leringe gekies en daaroor uitgebrei het, ken TWEE punte toe vir elke lering, asook TWEE punte vir die verduideliking.** (10)
**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**

4.3

- Beide die Christendom en Islam het 'n sterk teenwoordigheid op die Afrika-kontinent.
- Mense leef in gemeenskappe wat 'n sterk godsdienstige identiteit, óf Moslem óf Christen, het.
- Beide godsdienste word aktief versprei. Dit kan tot konfrontasie lei.
- Regerings in Afrika is swak en dwing nie wet en orde af nie.
- Hulle bevoordeel soms een godsdiens bo 'n ander. Dit lei dan tot godsdienstige konflik.
- Armoede is dikwels 'n katalisator in godsdienstige konflik.
- Dit is so want wanneer Christene en Moslems vir skaars hulpbronne (bewerkbare grond, water, ens.) meeding, kan dit noodgedwonge tot konflik lei.
- Afrika-lande het swak grensbeheer. Dit laat ruimte vir onwettige wapens. (10)

**[50]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 5

5.1 5.1.1
- Die basiese regte wat elkeen het, bloot omdat hulle mens is.
- Die regte wat aan elkeen behoort en daarom het alle mense die verantwoordelikheid om mekaar se regte te respekteer. (4)

5.1.2
- Elkeen, oraloor, het die vryheid van keuse om te glo wat hul will in terme van hul oortuigings oor God /geloofstelsel /wêreldbeskouing.
- Om aktief te volg en die godsdiens van hulle keuse te beoefen.
- Dit impliseer ook dat mense nie gedwing kan word om tot 'n ander godsdiens te bekeer of ‘n ander wêreldbeskouing te volg nie.
- Suid-Afrika waarborg vryheid van godsdiens, omdat dit gewaarborg word deur die konstitusie. (4)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**

5.1.3 **JA**
- Alle godsdiensorganisasies moet bymekaar kom om Menseregtedag gesamentlik herdenk. Dit sal godsdienstige verdraagsaamheid en respek demonstreer.
- Dit is die taak van godsdiens om mense van hierdie regte bewus te maak en in te lig.
- Godsdiens is die bron van menseregte.
- Dit bevorder die heiligheid van die lewe.
- Dit moedig liefdadigheid aan sodat die armes selfrespek kan verkry.
- Godsdiensorganisasies het 'n belangrike rol in die apartheidstryd gespeel.
- Godsdiensleiers soos Allan Boesak, Desmond Tutu en Beyers Naude het groot rolle gespeel in nie net die ondergang van apartheid nie, maar ook die vestiging en erkenning van menseregte vir almal wat in die grense van ons land woon.
- Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke was instrumenteel in die vestiging van menseregte in Suid-Afrika.

**NEE**
- Menseregte is voorgeskryf/bepaal deur mense wat gepoog het om 'n vreedsame gemeenskap te skep in areas wat deur konflik geteister is. (Humanisme)
- Godsdiens het niks te doen met die herdenking van Menseregtedag nie. (6)
- Nie alle godsdienste was op dieselfde wyse deur die Sharpeville slagting geaffekteer nie en hul reaksies op Menseregtedag sal ook onders wees.
- Die herdenking van menseregte is polities en nie godsdienstig van aard nie.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



5.1.4
- Met enige vryheid kom verantwoordelikheid.
- 'n Belangrike verantwoordelikheid ten opsigte van menseregte is om te verstaan dat elke persoon gelyke regte toegestaan word.
- Daarom mag 'n mens nooit sy/haar regte op so 'n manier uitoefen dat dit op die regte van ander inbreuk maak nie.
- Bv. Om 'n ritueel uit te voer, mag nie mense van ander gelowe verontrief nie.
- Wanneer dit op godsdiens toegepas word, beteken dit dat mens andere se godsdiens en standpunte moet respekteer.
- Een persoon se reg word deur 'n ander se verantwoordelikheid nagekom.
- Bv. Die basiese regte van 'n kind moet deur sy ouers se verantwoordelikhede nagekom word.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word. Waar ‘n kandidaat slegs menseregte en verantwoordelikhede lys, kan ‘n maksimum van VIER punte toegeken word.** (8)

5.2
- Mense het die reg om in hulle plekke van aanbidding bymekaar te kom.
- Hulle het die reg om by enige plek bymekaar te kom mits hulle toestemming het om daardie plek te gebruik.
- Samekomste moet vry en opsioneel vir die publiek wees.
- Mense het die reg om bymekaar te kom en hulle godsdienstige vakansiedae te vier al is daardie dae nie op die openbare kalender nie.
- Mense het die reg om hulle rituele te beoefen en uit te voer. (8)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**

5.3 **VOORBEEL 1: CHRISTENSKAP**
- Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Dit beteken ons moet ander behandel soos ons behandel wil word.
- Jesus het gesê, 'Dit verseker ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan my gedoen'. Mt.25: 40. Dit beteken dat alle mense in die oë van God gelyk is.
- 'Hy het my gestuur om die evangelie [goeie nuus] aan armes te verkondig, om vrylating vir gevangenes uit te roep en om die onderdruktes in vryheid uit te stuur'. Lk. 4:18–19. Dit verwys na vryheid van diskriminasie, reg tot lewe, vryheid van slawerny en armoede.

**VOORBEELD 2: JUDAÌSME**
- Het ons nie almal een Vader nie? Is dit nie een God wat ons geskep het? Maleagi 2:10. Dit leer dat alle mense gelyk is.
- Dit gaan goed met mense wat die reg handhaaf, wat by elke geleentheid reg doen. Ps.106:3. Dit beteken dat alle wetsgehoorsame mense hulle regte sal geniet.
- 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself' is een van die kernwette van Judaïsme (Levitikus 19:18). Dit beteken ons moet ander behandel soos onsself behandel wil word omdat ons almal gelyk is. (8)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



5.4
- In Suid-Afrika beoefen en respekteer alle godsdienste Menseregtedag.
- Godsdienstige mense dra hulle eie tradisionele klere om verskillende kulture te vier en te erken.
- Verskillende godsdienstige gemeenskappe kook en deel kos met die haweloses en dié wat op straat leef.
- Godsdienstige organisasies bou skuilings vir hawelose mense.
- Hulle sien om na mishandelde mense, in hulle plekke van aanbidding of versorgingsentrums.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**
**Waar godsdienstige organisasies net gelys word, kan 'n maksimum van VIER punte toegeken word.** (8)

5.5
- Sedes verwys na persoonlike oortuigings soos wat dit deur die gemeenskap, kultuur en individuele ervarings beïnvloed word.
- Etiek is riglyne wat deur gemeenskappe of spesifieke groepe neergelê is en aanvaarbare en onaanvaarbare aksies of gedrag in breë trekke uiteensit. (4)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou
SA EXAM PAPERS
Proudly South African